Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

Posbus 20, Hermanus 7200
www.overstrand.gov.za

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmond	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24-uur-beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

MEI 2022

Bulletin

#overstrand4all **Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand** #C4ourself

HERMANUS STAAN BANKVAS TEEN GGG

Die speaker van die Wes-Kaapse provinsiale parlement, Masizole Mnqasela, het onlangs by Overstrand se Uitvoerende Burgemeester, dr. Annelie Rabie, en haar mederaadslede aangesluit in 'n protesaksie teen geslagsgebaseerde geweld (GGG) wat in Hermanus gehou is: Dié optog is spesifiek gehou om aan te dring op geregtigheid vir Sisipho Mayile.

Sisipho, 'n Graad 12-leerder aan Qhayiya Sekondêr in Zwelihle, is op 16 Januarie as vermis aangemeld en haar liggaam is op 25 Januarie in die bosse naby die Camphill-brug in Hermanus ontdek.

"Ek doen 'n beroep op gemeenskappe oral in die provinsie om alle vorme van GGG en gesinsgeweld aan te meld. Hierdie krisis is vererger weens die frustrasie wat deur inperkings veroorsaak is en die gevolglike toename in alkoholmisbruik. Maar om stil te bly, beteken bloot dat ons die stryd gewonne gee en toelaat dat oortreders die oorhand kry," het speaker Mnqasela gesê.

Die optog is ook gehou om die SAPD duidelik te laat verstaan dat hulle hul pogings om geslagsgebaseerde geweld te bekamp en om sake soos dié te ondersoek, moet opskerp.

Burgemeester Rabie het gesê dat niemand hom of haar tot protesoptogte behoort te wend bloot om die SAPD aan te moedig om hul werk te doen nie.

Sy het ook 'n verslag oor vordering met 'n arrestasie, al dan nie, van 'n verdagte in die Sisipho-moordsaak versoek: "Het ons hier te make met 'n geval van georganiseerde misdaad of blote kriminele gedrag? Sê ons wat aangaan sodat ons weet waarmee ons te kampe het."

"Die enigste manier waarop ons hierdie saak sal kan beredder, is as ons mekaar vertrou want 'n gebrek aan wedersydse vertroue gaan aanleiding gee tot faksies en groeperings – 'n situasie wat op die lange duur glad nie bevorderlik is vir 'n vrou se reg om binne 'n veilige en beveiligde omgewing self besluite te neem nie," het die Burgemeester ter afsluiting gesê.

RABIE DOEN HAAR WOORD GESTAND:

EERSTE DONDERDAG-GELEENTHEDE OOK IN KLEINMOND & GANSBAAI GEHOU

In Februarie vanjaar het die Burgemeester, soos sy dit noem, ***Eerste Donderdag***-geleenthede ingestel waar inwoners van aangesig tot aangesig met haar, lede van die burgemeesterskomitee, die munisipale bestuurder en senior munisipale amptenare in gesprek kan tree.

Hierdie geleenthede het ten doel om inwoners van 'n platform te voorsien waar hulle hul sê kan sê – hetsy om hul kommer te lug of 'n voorstel te maak oor hoe daar op 'n haalbare en volhoubare wyse werkgemaak kan word van die uitdagings waarmee Overstranders gekonfronteer word.

Die eerste twee geleenthede (Februarie en Maart) is in Hermanus gehou, maar – soos Rabie beloof het – sou dit ook vanaf vroeg-April na ander dorpe uitgebrei word.

En sy het haar belofte gestand gedoen: Die derde Eerste Donderdag-geleentheid is op 7 April in Kleinmond gehou, en die volgende een sal volgens skedule op Donderdag, 5 Mei in Gansbaai plaasvind.

Die Burgemeester is verheug dat soveel Kleinmonders vir die vergadering opgedaag het en wil almal wat van plan is om een van hierdie geleenthede in die toekoms by te woon die versekering bied dat sessies kort en kragtig gehou word sodat soveel as moontlik mense geakkommodeer kan word.

Dit is nie nodig om 'n afspraak te maak nie aangesien sessies op die grondslag van "eerste daar, eerste kans" behartig word.

Hou die pers dop vir besonderhede oor die Eerste Donderdag-geleentheid in Gansbaai.

NUUTSTE OOR SCHULPHOEK-BEHUISINGSPROJEK

Overstrand se Uitvoerende Burgemeester dr. Annelie Rabie, onderburgemeester Lindile Ntsabo (huidige voorsitter van die Schulphoek- maatskaplike verdrag), die munisipale bestuurder Dean O'Neill sowel as die direkteur: gemeenskapsdienste Roderick Williams het vroeg in April vergader met amptenare van die departement van menslike nedersettings (DoHS) wat verantwoordelik is vir die Schulphoek-behuisingsprojek.

Die DoHS se departementele projekleier en hoof: stad-en-streekbeplanning, Ilani Nel, sowel as die tegniese projekleier was ook teenwoordig.

Tydens die vergadering het die Burgemeester uitsluitsel versoek oor wanneer konstruksieborde en -omheinings by dié projek aangebring gaan word. Hierop het die DoHS geantwoord dat hulle dié inligting slegs sal kan verskaf nadat die waarnemende departementshoof en HFB intern geraadpleeg is.

Nadat die Burgemeester onomwonde uitgewys het dat hierdie items inderwaarheid reeds in Oktober 2021 aangebring moes word, is daar ooreengekom dat terugvoering in hierdie verband dringende aandag sal geniet.

Daar is ook besluit dat 'n projekplan met teikens en sperdatums aan die Burgemeester en munisipale bestuurder voorgelê sal word en dat alle munisipale amptenare wat die vergadering bygewoon het voortaan by alle verwante korrespondensie ingesluit sal word.

Ter afsluiting het die Burgemeester weer eens beklemtoon dat hierdie projek uiters belangrik is, veral omdat dit stabiliteit in Hermanus se gemeenskappe sal bewerkstellig. Juis daarom, het sy gesê, is dit nodig om 'n gekoördineerde poging aan te wend om hierdie projek tot uitvoer te bring.

2022/23-KONSEPBEGROTING: MOONTLIKE HERSIENING VAN VOORGESTELDE ELEKTRISITEITSTARIEWE

Volgende op die voorlegging van sy eerste konsepbegroting vir die jaar 2022/23 op 30 Maart 2022, lig die Raad hiermee alle belangstellende en belanghebbende partye in dat NERSA kort daarna voorgestel het dat grootmaattariewe vir munisipaliteite met 7,47% verhoog word en nie met 10,33% soos oorspronklik deur Eskom voorgestel nie.

Hierdie aanbeveling kom daarop neer dat Munisipaliteit Overstrand sy voorgestelde elektrisiteitstariewe sal moet hersien sodra uitsluitsel verkry is oor die persentasiestyging vir die lewering van grootmaatelektrisiteit.

Hopelik sal hierdie aangeleentheid betyds bygelê word sodat die Raad sy finale begroting vir 2022/23 steeds op 31 Mei 2022 kan voorlê.

WAAROM BOBBEJANE VOLGHALSBANDE DRA

Besorgde inwoners van Pringlebaai wou weet waarom 'n wyfie (PBF1) van die plaaslike bobbejaantrop se halsband vervang is en waarom dit hoegenaamd nodig is dat bobbejane hierdie halsbande dra.

PBF1 is in Desember 2019 van 'n volghalsband voorsien en daardie halsband is in Februarie 2022 met 'n nuwe een vervang.

Danksy halsbande kan die bestuurspan vasstel waar die trop hulle bevind. Gegrond op hierdie inligting kan die diensverskaffer aksieplanne daarstel om te verhoed dat die trop die stedelike soom betree soos per Munisipaliteit Overstrand se strategiese plan vir die beheer van bobbejane.

Die halsbande wat in die Overstrand gebruik word, voldoen aan internasionale standaarde se beste praktyke wat bepaal dat die halsband minder as 5% van die liggaamsgewig van 'n dier moet weeg. In Overstrand beperk die diensverskaffer die gewig van halsbande tot 3% van die dier se liggaamsgewig: PBF1 se halsband weeg 2% van haar liggaamsgewig.

Vir Overstrand se bobbejane word GPS-halsbande gebruik wat geen flitsende liggies bevat nie.

Bobbejane en "sorgsaamheid"

Inwoners het ook bemerk dat ander bobbejane uiters sorgsaam omsien na die bobbejaan wat die halsband dra en wou weet of hierdie "*grooming*"-gedrag normaal is.

Soos voorheen vermeld, is PBF1 die Pringlebaaitrop se alfawyfie, en daarom geniet sy soveel aandag van die ander bobbejane. As die alfawyfie kan sy, danksy haar status in die hiërargie, altyd aanspraak maak op die voorreg om deur ander bobbejane versorg te word.

Hoekom het sommige bobbejane oënskynlik verdwyn?

PBF2, een van die ander wyfies van die Pringlebaaitrop wat ook 'n halsband gedra het, het weens ouderdom gevrek. PBF3 was die prooi van 'n luiperd in die omliggende berge en 'n onbekende, ongemerkte wyfie het gevrek as gevolg van die beserings wat sy opgedoen het toe sy haar in die dorp begeef het en deur honde aangeval is.

NEEM KENNIS

In Overstrand word afval volgens 'n vasgestelde weeklikse skedule versamel

HERMANUS

• MAANDAG: Vermont, Fisherhaven, Voëlklip • DINSDAG: Onrus, Chanteclair, Berghof, Sandbaai, Hemel-en-Aarde • WOENSDAG: Zwelihle, Mount Pleasant • DONDERDAG: Westcliff, Northcliff, SSB, Hermanus Industria • VRYDAG: Hawston, Eastcliff, Hermanus Heights, Kwaaiwater, Fernkloof

HANGKLIP-KLEINMOND

• MAANDAG: Rooi-Els, Kleinmondlane, Klein Berlyn, Heuningkloof • DINSDAG: Proteadorp, Overhills, Mountain View, Uitbreiding 6, Palmiet, Sunny Seas, Jock-se-Baai • WOENSDAG: Bettysbaai, Mooiuitsig • DONDERDAG: Pringlebaai • VRYDAG: Sakeondernemings

GANSBAAI

• MAANDAG: Pearly Beach • DINSDAG: De Kelders, Masakhane, Beverly Hills • WOENSDAG: Franskraal, gedeelte van Gansbaai Industria en Masakhane • DONDERDAG: Kleinbaai, Baardskeerdersbos en gedeelte van Gansbaai-SSB • VRYDAG: Gansbaai, Perlemoenbaai, Blompark, Masakhane, Beverly Hills

STANFORD

• DINSDAG: noord van De Bruyn-straat • DONDERDAG: suid van De Bruyn-straat

Indien nodig kan daar ook op enige dag van die week met huishoudelike en tuinafval weggedoen word by enige munisipale oorlaai- of aflaaifasiliteit.

BEKOM BELASTINGKLARINGS-BEWYS SÓ

Wanneer jy jou eiendom verkoop, is 'n belastingklaringsbewys een van die dokumente wat deur die aktebesorger by die aktekantoor ingedien moet word om die oordrag te bewerkstellig.

Aansoeke om 'n belastingklaringsbewys word deur die aktebesorger (prokureur) behartig, nooit deur die verkoper nie.

Munisipaliteit Overstrand verwerk tot soveel as 350 belastingklaringsbewyse in enige gegewe maand. Dit kan soveel as tien dae vanaf ontvangs van die versoek duur om 'n staat uit te reik wat alle verskuldigde bedrae toon. As die verskuldigde bedrae onmiddellik vereffen word, kan die klaringsbewys binne tien dae vanaf vereffening uitgereik word.

Die klaringsproses:

Dit is die verkoper se verantwoordelikheid om te verseker dat alle gelde verskuldig aan die munisipaliteit vereffen word. 'n Klaringsbewys sal slegs deur Munisipaliteit Overstrand uitgereik word by ontvangs van die voltooide voorgeskrewe aansoekvorm, tesame met alle vereiste dokumentasie soos deur die aktebesorger (prokureur) voorsien.

Vir aansoeke om belastingklaring vir eiendomme waarop geen verbeterings aangebring is nie (onbeboude erwe), word 'n aanvanklike inspeksie deur die brandweer vereis alvorens die aktebesorger verwittig word van enige agterstallige bedrae betaalbaar. Indien daar bevind word dat die onbeboude erf 'n brandgevaar inhou, sal 'n deposito vir die skoonmaak van die erf bygevoeg word by die vooruitbetalings, tensy die eiendom skoongemaak, geïnspekteer en deur die brandweer as brandbestand verklaar word. Tans beloop die koste om 'n erf te inspekteer R233 en die administrasiekoste verbonde aan die skoonmaak van 'n erf R1 345.73 (BTW ingesluit). Uiteraard sal die eienaar ook aanspreeklik gehou word vir die werklike koste om die erf skoon te maak.

Die koste vir elektroniese aansoeke via Ratesclearance.com of L@W beloop R186. Maak seker dat jou prokureur toegang tot een van hierdie elektroniese stelsels het aangesien elektroniese aansoeke heelwat goedkoper is. Die koste vir aansoeke wat per hand of via e-pos ingedien word, beloop R588. Bedrae sluit BTW in en is geldig tot aan die einde van die huidige boekjaar (d.w.s. 30 Junie 2022).

Wanneer enige eiendom hoegenaamd binne Overstrand se regsgebied verkoop word, sal die munisipaliteit die oordrag van die eiendom vertraag deur klaringsbewyse terug te hou tot tyd en wyl alle bedrae verskuldig vir eiendomsbelasting, dienste, heffings en enige ander bedrae wat betaalbaar is vir die duur van die aanvanklike klaringsbewys ten volle vereffen is.

Belastingklaringsertifikate is geldig vir 60 dae, en die bedrag wat betaalbaar is, sal drie maande se vooruitbetalings sowel as enige uitstaande skuld op die eiendom insluit.

By ontvangs van die voltooide aansoek om belastingklaring word die munisipaliteit 10 (tien) werksdae gegun om die aktebesorger in te lig oor die bedrag verskuldig en 'n verdere 10 (tien) werksdae om 'n belastingklaringsbewys te lewer nadat bewys van betaling bevestig is.

In gevalle waar 'n debiteur 'n ooreenkoms met die munisipaliteit aangegaan het om agterstallige skuld op 'n eiendom af te betaal, sal die voorgeskrewe bewys (soos na verwys in artikel 118 van die Stelselswet) slegs uitgereik word nadat die bedrag betaalbaar ten volle vereffen is.

In gevalle waar eiendomme oor 'n water- en/of elektrisiteitsmeter beskik, moet verkopers sorg dat hulle die nodige versoeke om staking van dienste indien sodat hierdie meters aan die nuwe eienaar (koper) oorgedra kan word.

Insgelyks word kopers van eiendomme waarop 'n water- en/of elektrisiteitsmeter aangebring is daaraan herinner om vir aansluiting aansoek te doen.

Die betrokke vorms is beskikbaar op ons webwerf: Gaan na www.overstrand.gov.za, klik op Documents, klik op Forms, klik op Revenue Application Forms.

Indien jy enige vrae het, bel die munisipaliteit by 028 313 8000 en vra om deurgeskakel te word na die afdeling wat eiendomsbelasting behartig. As 'n alternatief, rig 'n e-pos aan enquiries@overstrand.gov.za.

WENK KOM VERMEENDE STROPERS DUUR TE STAAN

Duiktoerusting en rubberbote ter waarde van bykans 'n halfmiljoenrand is onlangs gekonfiskeer in 'n operasie wat gesamentlik deur Munisipaliteit Overstrand se K9-taakspan, Cape-Nature en die departement van bosbou, visserye en die omgewing georkestreer is – en dít te danke aan 'n wenk.

Vyf duikers wat met geskulpte/ongeskulpte perlemoen betrap is, is gearresteer en deur Bredasdorp se SAPD in hegtenis geneem.